JAGHANDWAPEN (KAROO: 70 tot 130m)
SKIETOEFENIG

1. Inleiding
Die doel van hierdie skietoefening is om ‘n handwapenjag in Karoo- of Kalahari habitat voor te stel op veral Springbokke, Blesbokke en Gemsbokke en word op 70 tot 130m gedoen.

2. Teiken
Die Springbok van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument “Universele reëls by skietoefeninge” – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele
Sien “Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Handwapens
Geen semi-outomatiese handwapens word toegelaat nie. Dubbel- en enkel-aksie rewolwers word toegelaat. Die minimum looplengte vir alle rewolwers is 101.6mm (4 duim). Ander tipe enkelskoot senterslag jaghandwapens (Thompson Contender, Remington XP ens.) word toegelaat.

6. Kaliber
Die minimum kaliber vir rewolwers is .357 Magnum.
Vir ander tipe enkelskoot senterslag jaghandwapens – geen kaliberbeperking.

7. Visiere en teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

8. Oefening (item verwysings na die dokument “Universele reëls by skietoefeninge”)
Tydsbeperking: **3 minute per afstand**.

- **a.** Vanaf **130m** word **vyf** skote vanuit enige posisie met enige rus geskiet;
- **b.** Vanaf **100m** word **vyf** skote vanuit enige posisie met enige rus geskiet
- **c.** Vanaf **70m** word **vyf** skote vanuit enige posisie met enige rus geskiet

10. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **270, 320 en 360** is beskikbaar vir die skietoefening met ‘n maksimum puntetelling van 450.



Teiken werklike grootte: W x H = 680 x 1000mm.

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Kop brein/skedel:	120 x 85	94	160%
Hart:	86 x 88	58	--
V-hart:	51 dia	20	33%
Sentrale hart/long:	145 x 154	203	350%
Groter long/rugwerwel:	185 x 190	344	590%

Nekwerwel: 45 mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.